Huiskerk

Quellerina Gemeente

# Familie-waardes

## Liefde

'n Mens leer hoe om lief te hê wanneer jy ander mense dien. 'n Mens leer ook wat liefde is, wanneer jy self ervaar dat ander jou onvoorwaardelik liefhet. Onvoorwaardelike, begrypende liefde wat ten volle aanvaar, skep 'n gevoel van innerlike warmte wat liefde onder en teenoor mense aanmoedig.

-Hoekom maak liefde 'n verskil?

-Hoe sien 'n mens liefde raak? Hoe kan jong mense byvoorbeeld liefde by hulle ouers sien?

-Hoe kry 'n mens dit reg om alle mense lief te hê? (Lukas 6:27-36)

-Gesels met mekaar oor die verskil tussen "liefde ondanks" en "liefde omdat". Watter liefde dink jy sal bly staan?

-Aan wie, dink jy, verwag God vandag dat jy liefde moet bewus?

*Lees die tekste stadig deur.*
*Lees dit hardop indien moontlik.*

*Hoe pas hierdie by jou lewe in?*

*Wat kan julle as gesin uit hierdie les neem?*

*Watse emosies kom by jou op as jy hierdie teks lees?*

*Waarom beleef jy daardie emosies?*

Lees die bekende 1 Korintiërs 13:4-7. Gesels nou met mekaar oor wat die liefde volgens Paulus doen en wat dit nie doen nie. Hoe vaar jy in hierdie toets?

Lees 1 Korintiërs 13:1-3 en dink na oor hoe die wêreld sou wees (of hoeveel erger dit sou wees!) sonder liefde.

In 1 Korintiërs 13:8-13 praat Paulus oor drie dinge wat baie belangrik was vir die mense van daardie tyd; dinge waaraan hulle baie aandag gegee het en wat hulle gedink het vir ewig sou hou. Maar natuurlik was hulle verkeerd. Net een ding sal egter bly! Watse moderne dinge hou ons aan vas met die idee dat dit ewigheidswaarde het?